### *Goddelike mag*

**14** Nou kom die Griek **Philopold** uit Kana in Samaria na My toe en sê: "Meester, ek is nou al langer as drie dae by U, maar kry nog geen oomblik die geleentheid om met U te praat nie; hoedat ek op U bevel en volgens U wil alles in orde gebring het, en dat deur my prediking, na U vertrek uit Kana, almal die geloof in U aanvaar het. U skyn nou nie besig te wees nie; daarom vra ek U om ook na My te luister!"

[2] **Ek** sê: "My baie gewaardeerde vriend Philopold! Glo jy dat Ek jou nie lankal om die een of ander rede wat Kana betref sou gevra het as Ek nie presies geweet het hoe dit daar gaan nie? - Kyk al My broers is dit eens! Hoeveel praat Ek dan met hulle? Etlike dae lank met geen woord nie, maar dikwels innerlik, geestelik via hul hart; en kyk, nie één staan daar op om My te vra: 'Meester, waarom praat U dan nie met ons nie?' Ek sê vir jou, soos wat Ek lankal aan almal gesê het: Ek neem geen leerlinge aan om met hulle oor koeitjies en kalfies te gesels nie, maar sodat hulle My leer kan hoor en getuienis kan wees van My dade! Want wat hulle weet, dit weet Ek lank vantevore, en wat hulle spesiaal wil weet, dit sê Ek vir hulle op die gewensde oomblik in hul harte. As dit nou so is, vra jouself dan af waarom My ingewyde leerlinge dan nog daagliks ‘n uiterlike gesprek nodig sou hê! Jy is nou ook My leerling en moet jou daarom rig volgens hierdie reël van My skool.

[3] Maar met ander mense, wat nie tot My naaste leerlinge behoort nie, moet Ek natuurlik uiterlike woorde wissel; want hulle sou My in hul baie wêreldse harte nie hoor en nog minder verstaan nie. Tog praat Ek ook baiekeer uiterlik met My leerlinge, as die tyd en die omstandighede dit vereis; maar dan gebeur dit nie ter wille van die leerlinge nie, maar vir die wat nie leerlinge is nie! - Sê My eers of jy dit verstaan het!"

[4] **Philopold** sê: "Ja, Meester, U barmhartigheid is vir my nou so duidelik soos die son op die middaguur, en ek dank U vir U vriendelike uitleg! Maar, Meester, as ek nou na die glansryke, mooie Sarah kyk, wat haarself met haar buitengewone skoonheid met elke engel in die hemel sou kon meet, kan ek dit haas nie verstaan dat sy ook maar `n sekonde in die graf gelê het nie! Want so `n lewenskragtige daad het ek nog nooit gesien nie! En tog is dit waar dat U haar tweemaal uit die dood opgewek het! Nou voel ek `n geweldige behoefte om by U uit te vind hoe U so iets kon doen."

[5] **Ek** sê met gedempte stem aan hom: "Ek dink dat jy in Kana tog voldoende uitgevind het wie Ek is!? En as jy dit dan weet, is dit tog baie onbegryplik dat jy vra hoe Ek `n dooie mens weer in die lewe kan bring! Het die son, maan en alle sterre, so ook hierdie aarde, nie uit My voortgekom nie, en het Ek hierdie aarde nie met tallose lewende wesens bevolk nie? As Ek dit in die begin `n bestaande en `n selfstandige lewe kon gee, waarom sou dit dan nou by `n meisie onmoontlik wees - dit wat vir tallose wesens van ewigheid tot ewigheid moontlik is? As jy dit egter weet en selfs deur `n engel onderrig is, hoe kan jy dan nog vrae hê?

[6] Kyk, selfs elke klip waarteen jy jou voet baie seer kan stamp, bestaan deur My wil; as Ek My alles skeppende en onderhoudende wil één oomblik daarvan onttrek, dan sou hy op daardie selfde oomblik totaal uit sy bestaan verdwyn.

[7] Jy kan die klip wel fynstamp, hom in `n warm vuur selfs heeltemal laat verdamp, soos wat die geheime aptekerskuns dit leer; maar dit alles kan slegs maar met die klip en met alle ander materie plaasvind, omdat Ek dit tot nut en ten bate van die mens toelaat. As Ek dit nie toegelaat het nie, dan sou jy ook die kleinste klip net so min van sy plek kon optel as `n berg. Jy kan `n klip ook omhoog werp, en hy sal na gelang van jou krag en werpkuns behoorlik ver omhoog vlieg; maar as hy `n sekere, deur die werpkrag bepaalde hoogte bereik het, sal hy dadelik weer na die aarde terugval. Sien, My wil en die mate waarin Ek iets toelaat, bepaal steeds die “Tot hiertoe en nie verder nie”!'

[8] `n Klipgooi wys jou heel duidelik hoe ver die krag en die wil van die mens strek. Een oomblik slegs - en die swakke wil van die mens word deur My gegryp en teruggedryf binne die ewige orde wat deur My bepaal is en wat in die hele ewige oneindigheid tot op die gewig van `n sonnestoffie afgeweeg is! Maar as dit enkel en alleen maar afhang van My wil en van wat Ek toelaat, hoe sou dit dan nie moontlik wees dat Ek `n gestorwe meisie weer die lewe kon teruggee nie?

[9] Gaan na buite en bring vir My `n stuk hout en `n klip, en Ek sal jou wys hoedat alle dinge vir My moontlik is deur die Krag van die Vader in My!"

[10] Dadelik bring Philopold `n klip en `n heel verrotte stuk hout. En **Ek** sê aan hom, maar nog steeds met gedempte stem: "Kyk, Ek tel die klip op en plaas dit in die vrye lug, en sien, hy val nie! Probeer jy hom nou eers van sy plek verskuif!" - Philopold probeer dit; maar die klip laat homself geen haarbreedte verskuif nie.

[11] Toe sê **Ek**: "Nou sal Ek toelaat dat jy die klip na willekeur sal kan verskuif; maar as jy hom sal loslaat, sal hy dadelik hierdie plek weer inneem en plotseling na enige kant slinger en onbeweeglik op hierdie plek bly!"

[12] **Philopold** sê: "Meester, laat hierdie proef maar agterweë; want U gewyde woord is vir my voldoende!"

[13] **Ek** sê: "Goed dan; nou wil Ek egter dat hierdie klip in die niet oplos en dat die hout uitloop en blare, blomme en vrug voortbring volgens sy soort!" - Daarop word die klip onsigbaar en die ou hout word jonk, loop uit, bring dadelik blare, blomme en daarna die rype vrug voort, en wel `n aantal vye, want die hout was eens deel van `n vyeboom.

[14] Almal se aandag is nou op My en Philopold gevestig, want die meeste leerlinge het ietwat ingedut. Jaïrus en sy vrou kry nie genoeg daarvan om hul dogter te liefkoos nie. Ek en Philopold doen ons eksperimente egter op `n afgesonderde staande klein tafeltjie by `n ietwat swak lamplig en word daarom deur honderde nie opgemerk nie; maar Philopold, wat baie verwonderd is, word natuurlik gou deur `n aantal opgemerk. Maar Ek raai hulle aan om rustig te bly, en alles word weer rustig.

[15] Toe beveel Ek die klip weer om aanwesig te wees - en hy kom lê weer op die tafel - maar Ek laat die tak van die vyeboom lê, met die vrugte daaraan, wat My Sarah gretig opeet.

[16] Daarna vra Ek aan **Philopold** of dit vir hom nou duidelik was. En hy buig baie diep en sê: "Meester, nou is ek heeltemal op hoogte!"

[17] En **Ek** sê: "Goed, dan gaan ons nou slaap!"

### *Philopold se getuienis oor JaHshua as Elohim*

**15** Philopold begeef hom ter ruste, soos wat Ek vir hom gesê het. Maar natuurlik kon hy nog nie aan die slaap raak nie, omdat die voorvalle van die dag sy hart te besig gehou het; boonop was die slaapplekke ook nie besonder goed ingerig nie, omdat die pandeisers op alles behalwe `n bietjie strooi beslag gelê het en ons daarom letterlik net die leë huis aangetref het. Tydens die wederopwekking van Sarah was Borus, My broers en baie ander leerlinge druk besig gewees om beddens, tafels, banke, kombuis- en tafelgerei in voldoende hoeveelhede in die huis in te bring; maar vir `n paar honderd mense, waarvan daar natuurlik baie gedeeltelik buite en gedeeltelik in ander huise onderdak gevind het, was dit in die kort tyd net moontlik om op natuurlike wyse vir die nodigste te sorg.

[2] En daarom bring Ek Self hierdie nag op `n bank deur met `n bietjie strooi onder die hoof - en Philopold lê selfs op die grond sonder strooi. Die oggend was hy dan ook van die eerstes wat op die been was en toe Jaïrus, wat met sy vrou en sy dogter Sarah `n taamlike goeie strooibed gehad het, vra hoe hy op die harde grond kon slaap, sê hy;

[3] **Philopold**: "Vir sover die gesteldheid van die grond dit toelaat! Maar dit is alles `n kwessie van oorwin; in `n jaar sou `n liggaam meer daaraan gewoond raak as in `n nag!"

[4] **Jaïrus** sê: "Het u maar met my gepraat! Ons het voldoende strooi gehad!"

[5] **Philopold** sê: "Kyk na die Meester, aan wie alle hemele en alle wêrelde gehoorsaam is, en wie se wens en wil alle engele uitvoer! Sy bed was geen haar beter as myne nie!"

[6] **Jaïrus**, wat nog baie fariseëragtig gedink het, sê: "Vriend, gaan jy nie nou `n bietjie te ver nie? Dit is wel nie te ontken dat hierdie JaHshua vol is van die goddelike gees, meer as wat `n profeet ooit vervul was van dieselfde gees - want Sy dade oortref alle dade van Moses, EliJaH en alle ander groot en kleinere profete hemelhoog; maar dat in Hom nou juis Elohim Hom in al Sy volheid sou bevind, lyk vir my na `n tog te gewaagde veronderstelling! Die profete het deur die goddelike gees, deurdat hulle gees daarmee vervul was, óók dooies opgewek; maar hulle het dit nooit gewaag om die resultaat aan hulleself in plaas van die Elohim toe te skryf nie. Want as hulle die voorspoed aan hulleself toegeskryf het, dan sou hulle groot sondaars teen Elohim geword het, en Elohim sou hulle die gees ontneem het. Maar JaHshua doen alles asof Hy dit uit Homself doen en as Meester - en dit spreek goed vir jou gewaagde veronderstelling, en in `n bepaalde opsig is ek ook heeltemal eens met jou; maar soos gesê: sonder om die Voorsienigheid uit die oog te verloor! Want dit sou ook van bo toegelaat kon word om ons te toets, waarby ons sou moet bewys of ons nog slegs aan één Elohim glo! Maar as Elohim se volheid werklik in JaHshua woon, dan sou ons natuurlik onvoorwaardelik Sy getuienis as ewige Waarheid moet aanneem! - Wat dink jy nou?"

[7] **Philopold** sê: "Ek dink dis laasgenoemde en glo dat Sy getuienis oor Homself en die aanwesigheid van die volheid van Elohim volkome waar is! HY IS - en is geen ander nie!

[8] Dit is veral in hierdie tyd van wonders moeilik te verklaar, omdat `n mens altyd kan sê: 'Ek het daar en daar towenaars gesien wat werklik buitengewone dinge gedoen het, en die ou profete het óók dooies opgewek – ja, één het selfs `n hoop doodsbeendere met vlees omhul en tot die lewe gebring, en daarom is hulle wonders nog lank geen rede om `n wonderdoener as Elohim aan te prys nie!'

[9] Maar hier met JaHshua, die Meester, is dit heeltemal anders! By alle profete moes daar vooraf aanhoudend gebid en gevas word voor so `n wonderwerk gebeur het, totdat Elohim hulle waardig genoeg bevind het om `n wonderwerk deur hulle te doen. Die towenaars moes `n towerstaf hê en `n aantal ander tekens en formules. Daarby het hulle nog `n aantal salwe, olies, wagtertjies, metaal, klippe, kruie en wortels by hulle gehad waarvan hulle die verborge kragte geken het en moes dit by hul werksaamhede aanwend; - maar waar het iemand ooit by JaHshua, die Meester, so iets gesien!? Geen spoor van bid en vas, ten minste nie gedurende die kort tyd dat ek die barmhartigheid getoon is om Hom te ken nie. Van `n towerstaf en allerhande ander magiese middele is daar nog minder te siene!

[10] Bowendien het alle profete, elkeen op gelyke wyse, in `n steeds eenderse geheime beeldspraak gepraat en geskryf, en wie nie uit hul skool gekom het nie, kon hulle onmoontlik verstaan het! Ek is weliswaar `n Griek; maar daarom ken ek julle Skrif goed en ook Moses en al julle profete! Wie dit woord vir woord wil verstaan, moet egter goed geskool wees!

[11] Maar JaHshua sê die mees verborge dinge so duidelik dat selfs `n kind dit dikwels kan verstaan! Hy gee `n uitleg oor die skepping, dat ek haas self `n wêreld sou kon skep! Waar is die profeet dan en waar is die meester van alle towenaars wat dit so kon spreek soos JaHshua?!

[12] Wie kon ooit `n lettergreep verstaan het van wat `n towenaar tydens sy optrede sê? Wat hy sê is so duister soos die nag. Die woorde van die profete gee so hier en daar wel lig, maar niemand kan by die swakke skemerlig dertig treë voor hom uit sien nie. Hier straal die son egter in die middel van die dag! Wat Hy sê is die diepste wysheid van Elohim - maar daarby helder en verstaanbaar vir byna elke menslike verstand; en wat Hy wil, gebeur oombliklik!

[13] As die sake wat JaHshua betref so daar uitsien, weet ek egter nie waarom ek nog enige twyfel sal hê om Hom te erken as die onbetwisbare Meester van hemel en aarde, om Hom bo alles lief te hê en om slegs aan Hóm alle eer te gee nie!?

[14] Kyk hier op die tafel! Hierdie vars vyetak vol oorryp vrugte is `n lewende getuienis wat Hy my gister, toe julle almal geslaap het, gegee het op my vraag, hoe dit vir Hom moontlik was om volkome dooies op te wek. Hy vra my vir `n heeltemal verrotte tak, dus `n volkome dooie tak. Ek bring die eerste een wat ek in die nag vind. Hy raak die vrot hout glad nie aan nie, maar gee slegs `n bevel en die vergane hout word groen en begin te bloei - en hier het jy die ryp vrugte! Neem en gee hulle aan die allerliefste Sarah; dit sal haar verkwik!"